

28 Augustus

Wees tevrede met wat jy het

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:1-19

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:5

Die finansiële eise wat die wêreld stel, is baie groot en 'n stryd om oorlewing. Hierdie stryd kan maklik ons in die versoeking van geldgierigheid bring.

Die lesers van die Hebreërbrief word ten slotte deur die skrywer opgeroep om as Christene op te tree deur gasvry te wees, aan gevangenes te dink, die huwelik eerbaar te hou (7de gebod) en te waak teen geldgierigheid (8ste gebod) deur tevrede te wees met wat hulle het. Die skrywer het dit nie teen besittings nie, maar teen die verkeerde siening en versameling daarvan. Die rede hoekom ons nie geldgierig moet wees nie, is in God se belofte: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." Waarskynlik word hier aangehaal uit Josua 1:5, omdat die presiese woorde effens verskil. Die Joodse skrywer Philo van Aleksandrië het dieselfde woorde gebruik in 'n geskrif wat hy in die eerste eeu na Christus geskryf het. Geleerdes reken dat die skrywer van die Hebreërbrief dan ook dieselfde Griekse vertaling gebruik het.

Deur die eeue bly die troos dat God vir sy kinders sorg. Hierdie troos was nodig vir Josua wanneer hy op die punt staan om die volk in Kanaän in te lei, ook die troos wat Philo gee vir sy lesers onder die bewind van die Romeine, die troos vir die gemeente waaraan die Hebreërbrieffskrywer skryf: dat God sorg. Hy sorg, al het hulle hul besittings alles verloor en dit nogal met blydskap aanvaar (Heb 10:34).

En God troos ons ook vandag om tevrede te wees met jou daaglikse brood, want Hy sorg vir die voëls en die lelies (Matt 6:25-34). As Hy so sorg, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir ons sorg nie. Die kind van God mag onder alle omstandighede weet: God sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.

Skrifberyming 17:1, 2, 3, 4, 5 en 6 (Tema 17-1)

Ds. Peet Coetzee (Potchefstroom)